

DIE SEWE TROMPETTE

DIE GESKIEDENIS VOORUIT GESIEN

Jesus het in Openbaring 'n unieke drie-voudige oorsig van die geskiedenis vanaf die apostels tot en met die wederkoms aan ons gegee. Hierdie drie oorsigte is gegee in die vorms van 7 kerke, 7 Seëls en 7 Trompette.

Geskiedenis dien 'n doel, veral vir diegene wat aan die einde van tyd leef. Dit dui aan dat God op 'n ernstige wyse betrokke is by die verloop van gebeure op aarde. Sy oog hou wag oor die invloede wat op die Kerk inwerk.

In die boodskappe aan die **7 Kerke**, ontvou Jesus die **godsdiensige geskiedenis** van die Christelike Era. Hy openbaar sy liefde vir sy volk in elke fase van die kerk se geskiedenis en openbaar aan hulle hul terkortkominge en foute. Terselfdertyd belowe Hy die ewige lewe aan diegene wat die sonde oorwin. Die kerk is Jesus se oogappel en aan die einde van die wêreld se geskiedenis sal Hy haar kom haal, as deel van die finale oorwinning oor sonde.

In die **7 Seëls** ontvou die Lam die **algemene geskiedenis** van die Christelike Era. Hy openbaar die groot afvalligheid wat grootliks beïnvloed word deur die sekulêre magte van die tyd. Die Seëls wys dat God steeds in beheer is van die menslike geskiedenis en dat Hy 'n einde sal bring aan ongeregtigheid.

Die **7 Trompette** dui op die **politieke- en militêre geskiedenis** van die Christelike Era, soos dit 'n invloed op die Kerk deur die eeue het. Dit verteenwoordig Openbaring se skouspel van oorwinnings en nederlae.

1. Die eerste vier trompette verteenwoordig die tydperk van die verbrokkeling van die Romeinse Ryk (beide Oos en Wes).
2. Die 5de en 6de trompette skets die aanslae van die Mohammedaanse stamme onder hul verskeie leiers, wat weer op hul beurt aanleiding gee tot 'n nuwe godsdienstige mag, wat teen die Christendom oorlog voer.
3. Die 7de trompet verteenwoordig die laaste periode van die wêreld se geskiedenis, waarin God se laaste drie waarskuwings aan die hele wêreld uitdra word, voor Sy koms (Openb 14:6-12).

Trompette in die Bybel, dui op oordeel. Na die blaas van elke trompet is daar 'n oordeel wat die kerk tref, weens haar sonde en afvalligheid. God roep sy kerk tot bekering en roep hulle uit geestelike Babilon, om haar plaë vry te spring en so deel van diegene te wees wat die Gebooië van God en die Geloof in Jesus bewaar (Openb 12:17; 14:12).

KLIMAKS VAN DIE WÊRELD SE GESKIEDENIS

Openb 8:1-4

“En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee. En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.”

Die eerste teks neem ons tot by die 7de Seël. Die “stilte in die hemel” het te doen met die wederkoms van Jesus. Dit wil sê dat die verseëlingswerk van God afgehandel is.

God se laaste boodskappe (3-Engele van Openb 14:6-12) is verkondig en die wat gehoor gegee het, is verseël. Daar is stilte in die hemel, want Jesus is op pad om sy volk te kom haal.

Openb 8:1-5 is 'n voortsetting van Openb 6 en vorm dus deel van die slotgebeure van die aarde se geskiedenis, soos in die 6de en 7de Seël geopenbaar. Johannes sien Jesus se middelaarswerk in die hemel, ten behoeve van die mensdom. In die Troonkamer van die hemel is daar 'n voortdurende diens van bemiddeling aan die gang. Die gebede van God se volk wat voor die Here opgaan soos reukwerk, is gemeng met die meriete (geregtigheid) van Christus.

Rampe is die gevolg van die mens se sonde. God gebruik dit as middel om die mens tot inkeer te roep. Elke keer wanneer die volk van die Here afgedwaal het, het hulle in verdrukking beland. Sodra die volk hulle tot die Here bekeer, het Hy die kwaad afgeweer. Die gebede van Moses, Daniël, Hiskia, en Ester en die volk, openbaar aan ons dat God reageer op die gebede van sy berouvolle kinders.

Openb 8:5

“En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.”

Die neergooi van die wierookbak op die aarde, dui aan dat Jesus se middelaarswerk en oordeel wat nou in die hemel aan die gang is, afgehandel is. Die stemme, donderslae, weerligte en aardbewing, is tekens wat plaasvind tydens Jesus se wederkoms (Openb 16:17,18; 6:14-17).

DIE EERSTE TROMPET – DIE VAL VAN JERUSALEM

Openb 8:6,7

“En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas. En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En ’n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.”

Ons moet onthou dat ons hier met die politieke en militêre magte te doen het wat die kerk in die wêreld sou raak. Die Romeinse Ryk was die bekende politieke wêreld waarin God se volk gewoon het. Daniël 2 en 7, gee ons ’n oorsig van die koms en verdwyning van die verskillende koninkryke wat God se volk bedreig het.

Hael, vuur en bloed dui op verskriklike verwoesting, soos die van Sodom en Gomorra. Die blaas van die 1ste trompet dui op die val van Jerusalem in 70 nC., deur die politieke mag van Rome. Op bevel van keiser Nero moes genl. Vespasianus drie ligioene soldate na Judea stuur om die Joodse opstande te onderdruk. Gedurende hierdie tyd is menige Joodse stede ingeneem en verwoes.

Na die dood van Nero en toe Galba, Otho en Vitellius (almal in ’n tydperk van slegs 9 maande) het die Leërs van Rome vir Vespasianus die nuwe keiser van Rome gemaak. Hy moes inderhaas terug na Rome. Met die skielike terugtrekking van die Romeine van Jerusalem, het die Christene Jesus se woorde (Matt 24:15-20) en vinnig uitgewyk na Pella in Perea. Nie een Christen sou in die daaropvolgende slagting omkom nie.

Vespasianus het sy seun, genl. Titus opdrag gegee om die opstande in Jerusalem te onderdruk. Na ’n beleg van sewe jaar, waarin die Jode vreeslike ontberinge moes verduur, het die Romeine, Jerusalem oorrumpel. Die stad is met die uitsondering van drie torings en ’n stukkie muur (klaagmuur) met die grond gelyk gemaak.

Selfs die Tempel se plaveisel is omgekeer om die gesmelte goud uit te grawe, net soos Jesus voorspel het (Matt 24:1,2).

Die **bome verwys na leiers van die volk** (Rigters 9:8-15). 'n Derde beteken dat 'n aansienlike getal van die leiers gedood is, maar baie is gespaar. Die groen gras verwys na die gewone mense. Meer as 1,100 000 Jode is gedood en meer as 97, 000 is as slawe weggevoer. Hiermee is die maatbeker van die Joodse Volk, weens hulle verwerping van die Seun van God, volgemaak (Sien Dan 9:24).

Die verwoesting van Jerusalem is 'n vreeslike waarskuwing aan almal wat die genade en waarheid van God minag en Sy liefde om redding verwerp. Dieselfde gevolge sal geestelike Babilon tref onder die 7 laaste plaë. Soos Israel van ouds, het sy Jesus se karakter van Genade en Waarheid verruil vir Satan se bedrog van menslike oorleweringe.

Na die val van Jerusalem en die latere Bar Kochba - rebellie, het die sentrum vir die Christendom uitwyk na ander groot stede, o.a. Alexandrië en Rome. Die Kerk sou hierna ontwikkel as 'n Westers-georiënteerde godsdiens, wat sy Joodse wortels sou afskud.

DIE TWEDE TROMPET

DIE VAL VAN ROME ONDER BARBAARSE STAMME

Openb 8:8,9

“En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.”

Berg - beteken 'n volk, nasie of mag (Jer 51:24,25; Dan 2:34- 45).

Vuur - 'n mag van vernietiging en oordeel (Ps 50:3,4; Jes 10:16-18).

See - die ontstuiimige see van volke, menigtes, nasies en tale
(Openb 17:1,15; Dan 7:2,3,17).

Na die val van Jerusalem en die einde van die Joodse staat, het die val van Rome aan die beurt gekom. Soos met Jerusalem, het haar beker van sonde, ook vol geword. Rome was die enigste koninkryk (Dan 2) wat die Christelike geloof aangeneem het. Tenspyte van die Lig wat sy ontvang het, het sy haarself aan hebsug, wellus en wreedheid, oor gegee. God sou haar oorgee om te verbroekel onder verskeie stamme.

Haar oordele sou kom soos 'n berg van vuur deur die hordes van Germaanse stamme wat Rome uit die Noorde en vanuit die see sou binne val. Die eerste verwoestende aanval sou kom toe die Wes-Gote onder leiding van Alarik, in 378 nC. 'n hele Romeinse weermag sou uitwis. In 410 nC. was hy die eerste om die eens magtige Rome in 800 jaar binne te val. Hulle sou gevolg word deur die Vandale en die Hunne.

Die blaas van die tweede trompet dui egter op 'n seemag wat beskryf word as 'n brandende berg wat in die see gegooi word. Die Vandale was 'n Germaanse stam uit die noorde van Europa wat hulself in Noord-Afrika gevestig het met Kartage as hoofstad. Die Vandale onder Genseric het die Romeinse Ryk tussen die jare 428 - 468 nC. herhaaldelik aangeval en duisende Romeine as slawe verkoop. In 455 nC. het die Vandale die Goue Kandelaar, wat die Romeine in 70 nC. van Jerusalem geroof het, buit gemaak. Dit is sedertdien nooit weer gesien nie.

Een Romeinse keiser het 300 oorlogskepe in Cartagina, Spanje laat bou om Genseric en sy magte te vernietig. Genseric het dit gehoor en die hele vloot in die hawe vernietig. 'n Oosterse Romeinse keiser het in 468 nC. probeer om die Vandale by Kartage uit te wis met 1,100 skepe en 100,000 soldate. Genseric het een aand stilletjies 'n klompie skepe vol brandmateriaal tussen die geankerde skepe ingestuur en die hele vloot verwoes.

DIE DERDE TROMPET

DIE POLITIEKE MAG VAN DIE OPKOMENDE POUSDOM

Openb 8:10,11

“En die derde engel het geblaas, en ’n groot ster wat soos ’n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op ’n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en ’n derde van die water het als geword, en baie van die mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het.

’n Ster

Buiten Lucifer (Jes 14:12) verwys sterre ook na groot geestelike leiers (Dan 8:10,24; 12:2,3; Openb 1:16). Die ster wat nou sou verskyn, sou egter die riviere en waterfonteine vergiftig.

Waterfonteine

Dit is nie ’n verwysing na die See (volke, menigtes, nasies en tale) nie, maar na die suiwer waterfonteine van die lewe en die bronne van waarheid - die suiwere leer van die evangelie, soos dit uit die Woord van God tot ons kom (Ps 36:9; Jer 2:13; Joh 4:10,14).

Gedurende die jare 476 - 538 nC. was daar net drie van die tien barbaarse stamme in die Westelike Romeinse Ryk wat die Pousdom teëgestaan het. Hulle was die Heruli, Vandale en die Oos-Gote, wie se godsdienstige sienings van die Pousdom verskil het. Die Pousdom moes hulle uitwis om sy eie politieke bestaansreg te verseker.

Die drie Germaanse stamme was almal Ariane (glo dat Christus net ’n gewone mens was, en nie God nie). Keiser Justinianus van die Oosterse Romeinse Ryk vaardig in 533 nC. ’n dekreet uit wat verklaar dat die Pous die hoof van die Christelike Kerk is. Die Ariane het geweier om die Pous se gesag te erken.

Met bedrog en omkoopgeld het die biskop van Rome weer magte aangemoedig om die drie koninkryke te vernietig. In 538 n.C. verkry die Pous volle gesag as hoof van die Kerk, sonder enige teëstanders.

Ander groepe wat reeds in die vierde eeu nC. teen die Biskop van Rome gekant was, sluit in, die Waldense en Albigense. Die groepe in Noord-Italië en die valleie van die Alpe-gebergtes sou eeue later steeds deur die Pousom vervolgt word. Hulle sou die kerk in die woestyn wees gedurende die 1260 jaar, soos opgeteken in Openb 12:6,13-17.

Met sy siviele en godsdienstige mag verkry die Pousdom opperheerskappy oor die verbrokkelende Westerse Romeinse Ryk. Hy sou 'n derde van al die suiwer waterfonteine en strome vergiftig met sy valse leringe. Gedurende die Donker Eeue sou hy almal vervolgt wat nie sy vergiftigde water wou drink nie. Die wat dit wel gedrink het, was lewendig dood. Die leer was bitter, maar veral die feit die leraars van die kerk in Rome, hulself polities sou verhef, om oor mens en staat te regeer. Christus, as Hoof van die kerk, is vervang met die biskop van Rome. Om die rede is dit gepas om die gevalle ster van Rome, Alsem (bitterheid) te noem.

DIE VIERDE TROMPET – DIE INKWISSISIE

Openb 8:12

“En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so.”

Die vierde trompet blaas teen die liggewende magte van die aarde, die son, maan en sterre. Soos in Openb 12:1 verwys die ligte na die evangelie, met Jesus as die Son van Geregtigheid (Mal 4:2) en die maan as verwysend na die offerstelsel van die O.T.

Die sterre stel die leiers wat die waarhede van die Skrif moes uitdra, voor. Weer word 'n derde van alles getref wat wil aandui dat dit 'n aansienlike getal is. Satan het geweet dat die Bybel in staat was om die mense te verlig om sy bedrog te sien en sy mag te kon weerstaan. Om sy heerskappy oor die mensdom en die gesag van die Pousdom te kon handhaaf, moes hy die mens in onkunde aangaande die Skrifte hou. Dit sou 'n tyd van geestelike duisternis wees.

Vir honderde jare is die verspreiding, besit en die lees van die Bybel verbied onder straf van die dood. Gewetenlose priesters het die leerstellings van die Skrif verdraai en die mense mislei, om hul gesag oor die Kerk en die gewone mense te behou. As gevolg hiervan is die pous byna algemeen erken as die plaasvervanger van God op aarde, bekleed met oppergesag oor Kerk en Staat.

Onder die Inkwisisie met die politieke arm van die staat, het miljoene mense op die brandstapel gesterf vir hul geloof in Jesus en die Bybel. Selfs die keisers, konings en prinse was in die tyd onderhorig aan die politieke mag van die pousdom. Hy het konings onder sy beheer, gekroon of ge-ekskomunikeer. Die tydperk van die Donker Eeue word deur Daniël en Openbaring as 1260 jaar aangegee, waarin Satan die ware kerk (Openb 12:6,13-17) wreed sou vervolg.

Openb 8:13

“En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas.”

Die oordele van God oor die mensdom, weens politieke en godsdienstige verval, word voortgesit. Volgens die engel gaan die oordele van die drie laaste trompette, erger wees as die voriges.

DIE VYFDE TROMPET (EERSTE WEË) - ISLAM

Openb 9:1-3

“En toe die vyfde engel blaas, sien ek ’n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee. En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van ’n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister. En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene op die aarde mag het.”

Weer eens word ons met ’n vallende ster, wat sy godsdienstige aard aandui, gekonfronteer. Die godsdienstige bedreiging van afvalligheid sou weer ’n invloed op die Christelike Kerk hê. Die Griekse woord vir “die put van die afgrond” is “abyssos.” Moslems gebruik dieselfde woord om die Arabiese Samelewing te beskryf waaruit Islam sou verskyn.

Mohammed is ongeveer 570 nC. gebore. Op 25 jarige ouderdom word hy deur ’n ryk Arabiese weduwee, Khadiya, in diens geneem om haar handelsbelange te versorg. Kort daarna is hulle getroud. Min besef dat sy ’n getroue Katoliek was. Op die verskillende handelsroetes maak Mohammed kennis met Jode en Christene. Mohammed het baie belang gestel in godsdiens en is later deur Khadiya se Arabiese neef, Warakuah, (self ’n Katoliek) onderrig.

Op 40 jarige ouderdom sou hy glo visioene van die engel Gabriël ontvang het. Die visioene was nie altyd konsekwent nie en toon ’n subtiële vermenging van Joodse, Christelike (Katoliek) en Arabiese mitologiese elemente. Gabriël sou aan hom gesê het dat hy die laaste profeet van Allah is, ná manne soos Abraham, Moses en Jesus. Sy visioene is op potskerwe neergeskryf, en na sy dood deur sy volgelinge in die Khoran saamgevat.

Die rook van die valse leringe van Islam sou die lig van die evangelie onder die vyfde trompet, verduister. Mohammed het drie dinge van sy navolgers gevra: bid, vas en gee aalmoese. Daar was net een reël vir die verspreiding van die nuwe godsdiens: "Bely dat daar slegs een God is, nl. Allah, en dat Mohammed sy profeet is. Betaal belasting of sterf!" Islam erken dat Jesus 'n profeet is, net soos Moses, maar Hy is ondergeskik aan Mohammed.

Hier volg 'n paar Islamitiese leerstellings wat die evangelie-lig sou verduister:

1. Hulle glo in 'n ongekwalfiseerde Monoteïsme en saam met die Jode verwerp hulle dus die Godheid van Christus.
2. Hulle verwerp die gedagte van 'n Verlosser en Middelaar en steun op werke vir verlossing, o.a. gebede, vas en die gee van aalmoese.
3. Islam glo in die oordeelsdag maar is Fatalisties (Geloof in 'n onvermydelike noodlot).
4. Die heilige oorlog, Jihad, maak dit vir die gelowige Moslem moontlik om enige persoon wat Islam bedreig, aan te val. Enige Moslem wat in so 'n oorlog sterf, gaan reguit na die Paradys.
5. Die Bybel word verwerp en deur die Khoran as die enigste woord van Allah, vervang.

Mohammed het sy godsdienstige volgelinge beheer, deur die onaantasbaarheid van die Khoran. Sy navolgers, die Arabiese nomade, het soos swerms sprinkane uit die put van die Arabiese woestyne gekom en fanaties oorlog maak op alle mense, veral afvallige Christene. Soos 'n magtige oorlogsmasjien het Islam Persië, Sirië, Palestina, Egipte, Noord-Afrika en Spanje oorrumpel. Toe hulle die Pirenese-gebergte oorsteek, word hulle deur Karel Martel, van die Franke, in 732 n.C. by Poitiers verslaan. Dit was 'n direkte ingryping deur God, anders het Islam die laaste Christenvestiging in Europa ingeneem. Islam sou sy aanslae op die Oosterse Romeinse Ryk instel, en so probeer om Europa binne te dring.

“Die Osmanli (Arabië) het soos sprinkane in alle rigtings getrek en geen dorpie tot teenaan die muur van Konstantinopel het hulle aandag ontwyk nie.” **Abul A’La Maududi, Towards understanding Islam, Nairobi: The Islamic Foundation, Quran House, 1973, bl. 41,42.**

Die eerste afvallige godsdiens wat Satan sou inspan teen God se ware kerk, was die afvallige Rooms Katolieke Kerk onder leiding van die biskop van Rome met sy nagmaakte dag van aanbidding (Sondag) en sy nagmaakte Bybel (Tradisie). In die Weste het die Pousdom haar eie godsdienstige koninkryk van werke, tradisie en heidense praktyke, uit die verbrokkelde Westelike Romeinse Ryk opgebou.

Islam was die tweede afvallige godsdiens van werke, komende uit die put van Arabië. Die sou ook sy eie nagmaakte dag van aanbidding hê, nl. Vrydag en ’n nagmaakte Bybel, die Khoran.

Openb 9:4

“En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie.”

Toe Mohammed in 632 nC. sterf, word hy deur AbuBekr opgevolg. Hy het sy troepe, die Saracene, soos hulle ook bekend gestaan het, bevel gegee om die godsdienstige oortuigings van diegene te respekteer wat die wet van God gehoorsaam. Hulle moes slegs dié gésel wat beelde aanbid. Sy verdere bevel was:

“Julle oorwinning moenie met die bloed van vroue en kinders bevlek wees nie. Moenie palmbome vernietig of graanlande afbrand nie. Moenie vrugtebome afkap nie en doen geen leed aan vee nie, behalwe die wat julle slag om te eet... Julle sal sekere godsdienstiges vind wat afgesonderd in kloosters bly. Dit is die manier waarop hulle God dien; los hulle uit. Julle moet hulle nie doodmaak of hulle kloosters vernietig nie. Julle sal ook ander mense vind wat aan die Sinagoge van die Satan behoort.

Hulle skeer hulle koppe kaal; maak seker dat julle hulle skedels oopkloof en bewys hulle geen genade nie, tensy hulle Mohammedane word, of belasting betaal, nie.” **Edward Gibbon, The Decline and Fall of the Roman Empire, deel 5, hfst. 51.**

Die Bybel bevestig dat daar regdeur die eeue mense is wat die Seël van die Lewende God het. Die Waldense, Albigense, Kelte en andere het steeds die oorspronklike Bybelse Sabbat gevier, die seël of teken van Skepper-aanbidding (Eseg 20:20). Die Pousdom het die heidense dag van die Son aanvaar en die Moslems, Vrydag. God se getroue kinders het in benoudheid geleef. Nog trompette-oordele sou die wêreld tref.

Openb 9:5-12

“En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van ’n skerpioen wanneer hy ’n mens steek. En in die dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug. En die voorkoms van die sprinkane was soos die van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense. En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus. En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwagens met perde wat opruk na die oorlog. En hulle het sterte gehad soos die van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen. En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam Apóllion. Die een wee het verbygegaan; hierna kom daar nog twee wee.”

Die Saracene Arabiere het nie van voetsoldate in hul oorlogvoering gebruik gemaak nie, maar net van ruiters. Die krone was hul tulbande wat oor ’n lang tydperk die kenmerkende hooftooisel van die Arabiese volke was. Die beskrywing van die Saracene as sprinkane het gepas omdat hulle soos swerms saamgetrek het in hul duisende.

Pous Urban II het in 1095 nC., tien Kruistogte oor 'n tydperk van 200 jaar laat uitroep om Jerusalem van die Arabiere te bevry. Die kruistogte was 'n mislukking, maar dit het die Arabiese stamme nader aan mekaar laat kom. Eers het die Saljuk Turke onder Saladdin en later die Ottoman Turke byeen gekom. Dit is ook van hierdie tydperk af dat vertolkers, Johannes se tydsberekening van "vyf maande" begin toepas.

Sedert die dood van Mohammed in 632 nC. tot en met die einde van die 13de eeu, was die Saracene - Arabiere steeds 'n verdeelde groep sonder 'n sentrale regering. Die samesmelting van die Arabiere sou kom met die Ottoman-Ryk onder Ottman. Op 27 Julie 1299 val die Ottomanse Turke die gebied van Nicomedia binne. Vir die volgende 150 jaar sou daar onophoudelike gevegte wees tussen Grieke en Ottoman Turke.

Die profesie sou in 1449 nC. tot 'n einde kom ("vyf maande" = 5×30 dae / maand = 150 profetiese dae = 150 letterlike jaar).

Abáddon en Apóllion - Die koning of engel (boodskapper) van die afgrond is 'n verwysing na die valse boodskap van verlossing soos verkondig vanuit die Khoran deur die hoofprediker of Sultan van die Moslemregering. Die werklike oorsprong van valsheid en misleiding, is eintlik Satan self. Die Bybel sê van hom:

Joh 8:44

"Julle het die duivel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan."

1 Pet 5:8

"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind."

DIE SESDE TROMPET (TWEEDE WEE) DIE VAL VAN KONSTANTINOPEL

Openb 9:13-15

“En die sesde engel het geblaas, en ek het ’n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en die het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om ’n derde van die mense dood te maak.”

Onder die vyfde trompet kom die Saracene uit die put van die afgrond (woestyn van Arabië) om die Oostelike Romeinse Ryk te treiter. Die invalle onder die sesde trompet sou kom vanaf die groot Eufraatrivier.

Die stem vanaf die altaar wys daarop dat God steeds in beheer van die wêreld se geskiedenis is. Sedert 31 nC. is Jesus by die goue altaar voor die troon van God besig met Sy middelaarswerk ten behoeve van die mensdom. Hier gee Jesus ’n spesifieke opdrag aan die sesde engel. Dit is vir ons duidelik dat Jesus steeds besig is met Sy Hoëpriesterlike bediening in die hemelse Heiligdom.

Om hierdie rede kan ons nie die sewe trompette gelykstel met die sewe laaste plaes, wat val ná die genadeur gesluit het nie. Jesus was steeds besig met die eerste fase van Sy hemelse bediening. Die tweede fase, die ondersoekende oordeel, sou eers later aanbreek (Dan. 8; Openb. 10; 14).

Tot en met 1449 nC. sou die sesde engel verhoed dat die Moslems die Oosterse Romeinse Ryk verower. Nou sou hy opdrag hê om die engele van die Eufraat, los te laat. Hulle was die Turke onder die Sultans van Aleppo, Ikonium, Damaskus en Bagdad. Hulle magte sou vanuit die rigting van die Eufraat op die Oosterse Romeinse Ryk losgelaat word, om dit finaal tot ’n val te bring.

In 1453 n.C. het Konstantinopel, die hoofstad van die Oosterse Romeinse Ryk in die hande van Mohammed II, en Islam geval. Vir die eerste keer was buskruit en vuurwapens in 'n oorlog gebruik. Hy het 'n weermag van 258,000 soldate gehad. Die val van Konstantinopel was 'n skok vir Europa.

Die enigste skans teen die invalle van die Moslems is vernietig. Europa het nou oopgelê vir Islam en sy hordes. Die skokkende nuus het skaars gaan lê, of die lig van die Hervorming het begin om deur die Westerse Romeinse Ryk onder die Pousdom se duissterne van 1000 jaar, deur te breek.

Die Ottoman-Ryk sou heers vir 'n profetiese uur, dag, maand en jaar. Volgens die Jaar / Dag beginsel van Eseg 4:4,6 en Num 14:34 word dit as volg vertolk:

Een uur	=	1/24 van 360 dae	=	15 letterlike dae
Een dag	=		=	1 letterlike jaar
Een maand	=		=	30 letterlike jare
Een jaar	=		=	<u>360 letterlike jare</u>
TOTAAL	=		=	<u>391 jaar en 15 dae</u>

Volgens Jesus se Openbaring, sou die Turkse Ryk tot 'n val kom op 11 Augustus 1840, presies 391 jaar en 15 dae na dit begin regeer het op 27 Julie 1449.

In 1838, het Josiah Litch, 'n predikant van Philadelphia, Pennsylvania, 'n reeks artikels vir 'n koerant, die lig laat sien oor die trompette van Openbaring. Met Openb 9:15 as basis het hy die siening gehuldig dat die Ottoman Turkse Ryk tot 'n val sou kom op 11 Augustus 1840. Hy het gereken dat dit die egtheid van die Jaar / Dag - Beginsel vir die vertolking van Tyd in Bybelprofesie sou bevestig. Baie mense het in die tyd aan klubs vir ongelowiges behoort.

Hulle het geredeneer dat indien die profesie net so sou uitkom soos Josiah Litch sê, die profesie van Dan 8:14 (2300 Aande-en-Môres Profesie) ook waar sal wees. Dit sou dan in 1843/4 met die wederkoms van Jesus, tot 'n einde loop. 'n Wêreldwye Christelike beweging het gedurende hierdie tyd spontaan ontstaan uit alle denominasies van die wêreldkerk. Hulle het hulle vertolking gebaseer op die Jaar-dag Beginsel.

Alle oë in die politieke en godsdienstige wêreld, was nou op Konstantinopel gerig. Die Sultans van Turkye en Egipte was in 'n oorlog gewikkel. In 1839 wen Egipte die oorlog. Onmiddelik stuur Egipte troepe na Sirië en Klein Asië en dreig om Konstantinopel binne te val. Vroeg in 1840 het die vier leidende magte in Europa, naamlik Brittanje, Oostenryk, Pruse en Rusland 'n ooreenkoms aangegaan en Egipte aangesê om hom nie in die sake van Europa in te meng nie.

Hierdie vier magte het 'n verdrag met Turkye onderteken wat deur die Sultan van Turkye aanvaar is. Die Sultan het toe 'n boodskap per boot deurgestuut met Rifat Bey na Alexandrië aan die kus van Egipte. Op 11 Augustus 1840 ontvang Mehemet Ali, die Pasja (veldheer) van Egipte 'n afskrif van die ooreenkoms.

Die trompetprofesie is tot op die presiese dag vervul. Daarmee saam is die Jaar/dag Beginsel en die Historiese Metode van Bybelvertolking, bevestig. Groot groepe christene het nou die profesieë van die Bybel met nuwe belangstelling bestudeer.

Openb 9:16-19

“En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En so het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel harnasse. En die koppe van die perde was soos leekoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plaes is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het; want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan.”

Johannes probeer die visioen na die beste van sy vermoë beskryf, want in sy tyd was daar nog nie buskruit en vuurwapens nie. Rooi, geel en blou was die kleure van die Turkse ruiters. Die leër word beskryf as 'n ontelbare hoeveelheid perderuiters, net soos Daniël die ontelbare skares van engele tydens die hemelse oordeel, gesien het (Dan 7:9,10).

Tot en met 1453 n.C. kon Konstantinopel enige weermagweerstand teen hom te staan gekom het. Die Ottomanse Turke het skielik met 'n nuwe uitvindsel vorendag gekom, 'n massiewe buskruitkanon wat die oninneembare muur sou verpletter. Die Oosterse Romeinse Beskawing van 1000 jaar, het nou tot 'n val gekom.

Openb 9:20,21

“En die orige mense wat deur hierdie plaë nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hulle hande, om die diuwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.”

Alhoewel die Moslembendes op die afvallige Christene losgelaat was, het die mense steeds geweier om hulle te bekeer. Die geskiedenis van Europa, met die blaas van die ses trompette, het steeds nie daarin geslaag om die Christendom van hul sondige praktyke, valsheid en wreedheid te laat afsien nie. Ten spyte van God se oordele, klou die wêreld steeds vas aan sonde. Met 'n paar uitsonderings na, is die Christendom in Europa, sedert die Renaissance (Verligting), steeds besig om veld te verloor. Die mensdom wend hom al hoe meer tot die menslike wetenskappe van Humanisme, Rasionalisme, die aanbidding van rykdom, die soeke na mag en wetenskapskennis, bo Bybelse Wysheid.

Die eerste weë was die opkoms van die Moslemmagte, die tweede weë was eerstens die segetog van Islam en tweedens die verval van die Christendom in dieselfde tydperk. Die derde weë het nog oorgebly. Die sewende trompet moet nog geblaas word, en die wêreld ploeter steeds voort in sonde, sonder om haar te bekeer tot die lewende God.

TWEE INSETSELS

DIE BOEK UIT DIE HEMEL EN DIE TWEE GETUIES

Openb 11:14

Die tweede weë het verbygegaan; kyk die derde kom gou.”

Ons verwag dat die einde van die tweede weë aangekondig sou word aan die einde van die Mohammedaanse segetog beskrywing (Openb 9:21), maar twee spesiale insetsels word eers deur Johannes aangeroen, en eers ná die bespreking daarvan, kom die aankondiging dat die tweede weë verby is.

Eerstens, vind ons die beskrywing van die oopboekie in die hand van die Engel (Openb 10), en tweedens, die beskrywing van die twee getuiers van God (Openb 11:1-13). Dit is hierdie tweede visioen van die geskiedenis van die Mensdom se behandeling van God se twee getuiers, wat die einde van die tweede weë aankondig. Eers hierna, sou die sewende trompet geblaas kon word.

Weens die aard van die twee temas in Openb 10 en Openb 11:1-13, is ons genoodsaak om twee aparte lesings daaraan af te staan. Dus sal ons nou die sewende trompet behandel.

DIE SEWENDE TROMPET

JESUS AANVAAR DIE KONINGSKAP

EN DIE HEMELSE OORDEEL OOR DIE MENSDOM

Openb 11:15-17

“En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. En die vier-en-twintig ouderlinge wat voor

God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het.”

Uiteindelik bereik ons die geklank van die sewende trompet, waartydens die koninkryke van die aarde aan die heerskappy van die seëvierende Christus oorgedra sou word. Die sewende trompet neem ’n aanvang ná die tydperk van die Mohammedaanse verskyning, hul oorwinnings oor nasies en die finale val van die Ottomanse Ryk op 11 Augustus 1840 nC.

Die beskrywing van die sewende trompet voldoen aan Dan. 7 se Ondersoekende Oordeel-visioen, net voor Jesus se Wederkoms sou plaasvind. Hieruit blyk dit duidelik dat die Hemelse Oordeel sou begin ná 1840 nC. (Meer hieroor in die lesing oor die 2300 Aande-en-Môre Profesie - die datum vir die aanvang van hierdie profesie)

Dan 7:8-10,13,14,21,22,25-27

“Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar ’n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk in die horing was oë soos mensoë, en ’n mond wat groot dinge spreek. Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en ’n Oue van dae gaan sit het, sy kleeed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ’n brande vuur; ’n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uitgegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit en die boeke is geopen...

Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ’n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ’n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie...

Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin, totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het...

En hy [die horing] sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd tye en die helfte van 'n tyd. Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontnem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees."

Hier het ons 'n meer breedvoerige beskrywing van die Ondersoekende Oordeel van God, waartydens die boeke ooggemaak sou word en almal geoordeel sou word, die Klein Horinkie inkluis. Aan die einde van die Oordeel, wat in die hemel plaasvind, word die Seun van 'n mens (Jesus, natuurlik) nader gebring om sy koningskap te aanvaar, en waartydens die regverdige die ewige koninkryk in besit sou neem.

Openb 11:18

"En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.

Die begin van vers 18, maak dit duidelik dat die nasies van die wêreld, ná 1840 nC. toornig sou word. Voormalige kolonies van die groot moonthede van die 16de tot 18de eeu, het op onafhanklikheid aangedring. Landsgrense het onder dispuut gekom. Sedert die middel van die negentiende eeu en die daaropvolgende eeu (20ste Eeu), het ons drie Wêreld Oorloë beleef (as die een teen Irak bygetel kan word, weens die hoeveelheid lande wat daaraan deelgeneem het). Nou, in die 21ste Eeu, beleef ons steeds oorloë wat ewe bloedig en wreed is. Meer as 100 miljoen mense het in die vorige eeu, weens oorloë, omgekom.

Matt 24:6-8

“En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is ‘n begin van die smarte.”

Jesus het voorspel dat haat tussen nasies, stamme en volke en tale, al hoe erger sal word, hoe nader ons aan die einde van Tyd beweeg, want dit is deel van die sewende trompet, of derde weë.

Dit is dan ook daarom dat die tyd vir die Hemelse Oordeel oor die Mensdom op hierdie tydstip ‘n aanvang sou neem. Die vier winde van oorloë, soos beskryf in Openb 7, word nog in toom gehou, totdat al God se kinders op hul voorhoofde verseël is. Sodra die verseëling afgehandel is en ons Hoëpriester sy werk in die hemelse heiligdom beëindig het, dan sal die sewe laaste plaë op die goddelose val en dan sal die magte van die aarde gereed maak vir die groot dag van Armagéddon (Openb 16:13-16) - Christus se Wederkoms, wanneer Hy die ewige heerskappy en koningskap in besit sal neem!

Openb 11:19 (a)

“En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien...”

Die sewende trompet wil ons aandag in dié krisistyd weer na die hemelse heiligdom rig. Daar is twee dinge waarop ons, ons aandag in die hemele moet vestig. Die eerste, is die verbondsark van die Here wat aan die wêreld getoon word. Die tweede, is die bediening wat daarmee gepaard gaan.

DIE VERBONDSARK

In die aardse heiligdom was die verbondsark in die tweede vertrek, wat die Allerheiligste genoem word. Dit is hier waar God se Verbond met die Mensdom, die tien Gebooie, gehou word.

Hierdie tien reëls van God is die riglyne waarvolgens die mensdom van alle volke, nasies, en tale, moet leef in 'n verhouding tot hul Skepper en hul medemens.

Nou word dit weer in herinnering voor die nasies van die wêreld gebring. Vir eeue lank is dit deur die nasies, onder die invloed van Satan se misleiding en bedrog, vertrap. Nou sal dit as getuie teen die goddelose dien. Die tyd vir die oordeel van God oor die nasies, het aangebreek.

Pred 12:13,14

“Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is dit: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.”

Die wyse man, Salomo, het die geleentheid gehad om al die dinge wat die wêreld hom kon bied, op die proef te stel. Aan die einde van sy lewe moes hy erken dat die wêreld en sy dinge, tydelik van aard is. Slegs God is ewig, en elke mens sal rekenskap van sy lewe aan God moet gee, vir die werke wat hy met sy lewe verrig het.

Salomo maak dit ook duidelik dat God 'n maatstaf het waarmee hy elke mens sal oordeel, nl. Sy wet van tien gebooie. Die Antichris het sedert sy verskyning, die wet van God verander om hom te pas, en die Christendom geleer om sy gewysigde vorm te aanvaar. Onder die invloed van die Valse Profeet, het godsdienstige leiers onder Satan se bedrog, probeer om die Christendom te oortuig, dat God se wet van tien gebooie nie bindend op die mens, ná die kruisdood van Christus, is nie.

Nou verskyn God se Verbondsark in die hemel, tydens die blaas van die sewende trompet en word die geldigheid van daardie tien woorde weer bevestig. Dit is en sal steeds die maatstaf wees waarteen elke mens gemeet sal word in die hemelse oordeel. Die tien gebooue is die weerspieëling van die karakter van God en elkeen wat die mensdom leer om God se wet te minag, leer die mens om God se karakter te vertrap. (Meer inligting hieroor sal in 'n aparte lesing gegee word)

DIE HOËPRIESTER SE BEDIENING VOOR DIE VERBONDSARK IN DIE ALLERHEILIGSTE

Soos reeds aangedui, is die tweede rede vir die verskyning van die Verbondsark in die Hemelse tempel, om ons aandag te vestig op die bediening wat met die verbondsark te doen het. God se oproep tot ons is: "Kyk op na waar Jesus besig is om vir julle in te tree."

Hebr 9:11,12:

"Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring."

In 31 nC. Het Jesus uit die dood opgestaan en na sy Vader in die hemel gevaar. Sedertdien dien Hy as Hoëpriester en Middelaar vir die gevalle Mensdom en bepleit Hy sy bloed vir elke berouvolle sondaar wat Hom aanneem as sy Verlosser van die sonde. Hierdie bediening stem ooreen met die daaglikse bemiddeling van die hoëpriester in die aardse heiligdom, as 'n voorafskaduwing van Christus se Hoëpriesterlike Bediening.

Daar was egter ook 'n tweede bediening waarin die hoëpriester gedeel het, maar net één maal in die jaar. Die tweede fase van Jesus se hemelse bediening wat hier onder die sewende trompet beskryf word, was getipeer in die diens wat op die Groot Versoendag in die aardse Tabernakel plaasgevind het (Lev 16). Die diens op daardie dag, was 'n diens van oordeel. Die sonde wat bely en vergifnis voor gedoen was, is van die register van die hemel verwyder.

Enige persoon wat nie gedeel het in die verrigtinge van daardie dag nie, was van Israel afgesny. Maar die persoon wat gedeel het in die diens van die Groot Versoendag - al het hy sonde gedoen en God in 'n vroeër stadium verlaat, maar nou deur die bloed vergifnis soek - hy was dan vergewe en as een van God se volk gereken.

Na Sy dood en opstanding in 31 nC., is Jesus na die hemel om in die Hemelse Tabernakel, as die mens se Verteenwoordiger in te tree (Hebr 8:1,2; Openb 1:12,13). Daar sou Hy sy bloed bedien, ten behoeve van sondaars tydens sy eerste fase van sy Hoëpriesterlike bediening, wat sou strek vanaf 31 nC. tot 1844 nC. (Hebr 9:23-28; 10:10-13). Hierdie bediening sou vervang word met 'n tweede fase van bediening, wat sou begin in 1844 nC., aan die begin van die blaas van die sewende trompet.

Hebr 10:12,13

“Maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete.”

Die Bybel maak dit duidelik dat Jesus na sy offer aan die kruis, na die hemelse heiligdom sou gaan, om sy bloed vir die gevalle mensdom te bedien. Maar terselfdertyd sou Hy wag vir die aanbreek van die oordeel onder aanvoering van die Oue van dae. Gedurende hierdie hemelse oordeel sou sy vyande (Satan, die Klein Horinkie en die Valse Profeet en hul aanhangers) aan Hom onderwerp word.

Vanaf 1844 het Jesus die tweede fase van sy hemelse bediening begin, die presiese jaar waarin Daniël verklaar het dat die Hemelse Heiligdom gereinig sou word (Sien lesing oor 2300 Aande-en-Môre Profesie).

Sedert 1844 is Jesus besig met die tweede fase van sy hemelse bediening in die Allerheiligste, waar die Verbondsark van God is. Hierdie is 'n bediening van oordeel, waarin Hy die verslae nagaan van diegene wat bely dat hulle Christene en navolgers van God is (1 Pet 4:17,18). In die ondersoekende oordeel word die hemelse heiligdom gereinig van die registers van sonde.

In sommige gevalle openbaar die verslae dat daar persone is wat God voorheen gedien het, maar Hom verlaat het om eerder die wêreld met sy sonde te dien. Diesulkes se name word dan uit die Boek van die Lewe van die Lam uitgehaal.

Die reiniging van die Hemelse Heiligdom beslaan die hele oordeel, van die ondersoekende oordeel tot die uitvoerende oordeel, waarin sonde finaal uit die heelal uitgewis sal word. God se karakter sal dan in ere herstel word voor die heelal en Satan as die groot bedrieër veroordeel word.

Volgens Openb 10:7 sal die verkondiging van die evangelie aan die hele wêreld voltooi wees teen die aangekondigde tyd, wanneer die sewende trompet klaar geblaas is. Na die oordeel, kom die beloning, of straf!

Openb 11:19 (b)

“en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.”

Weerligte, stemme, donderslae, aardbewing en groot hael, is 'n aanduiding van die einde van die sewende trompet en dui op die aanvang van die Wederkoms van Jesus, en dit kom ooreen met die sewende skaal of plaag, wat die einde van alles aandui, met die woorde: “Dit is verby.”

Die tyd het aangebreek om elke mens sy loon te gee. Jesus verskyn hierna op die wolke as die Ruiter op die wit perd. Die laaste stukkie geskiedenis van die wêreld is besig om hom nou voor ons oë af te speel, terwyl die laaste note van die sewende trompet wegsterf in die verte.

Openb 22:12

“En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.”

Huidiglik word die toorn van die nasies en die toorn van God ingeperk deur die wêreldwye verkondiging van die evangelie en gepaardgaande verseëling. God verseël sy kinders sodat hulle nie deur die komende plaë van sy toorn skade sal ly nie.

DANIËL

OPENBARING



BABILON				
MEDO-PERSIË				
GRIEKELAND	A	B	C	D
ROME	7 KERKE	7 SEËLS	7 BASUINE	GROOT STRYD
VERDEELDE ROME	1. Efese 2. Smirna 3. Pergamus 4. Thiatire 5. Sardis 6. Filadelfia 7. Laodicea	1. Wit Pers 2. Rooi Perd 3. Swart Perd 4. Vaal Perd 5. Martelare 6. Tekens: Aardbewing Donker Dag Sterre-reën (Verseëling) 7. Stilte in die hemel	1. Val van Jerusalem 2. Val van Rome 3. Politieke Pousdom 4. Die Inkwissisie 5. 1ste Wee - Islam 6. 2de Wee – Val van Konstantinopel (Boek uit die Hemel) (Die Twee Getuies) 7. Jesus aanvaar die Koningskap / Oordeel	Beproeving van die Ware Kerk en Haar Kinders

ROTS WAT ALLES FYNMAAL / WEDERKOMS

Die volgende groot gebeurtenis waarop ons wag, is die koms van Koning Jesus, om sy koninkryk in besit te neem. Wanneer Hy sy werk as Middelaar in die Hemelse Heiligdom afhandel, is daar 'n gejuig in die hemel. Die heerskappy van die wêreld sal dan Syne wees. Sodra Hy opstaan om te regeer, sal die genade vir sondaars ophou.

Luk 21:28

“En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.”

Is jy besig om na die wolke te kyk vir jou verlossing? _____

NOTA:
